



## SESSIE 2

# REFOR-masie

Alhoewel Paulus se ontmoeting met die Here op pad na Damaskus 'n onmiddellike effek op sy lewe gehad het, sou dit hom lank vat om die betekenis daarvan te onderskei. Vandag se sessie handel oor die eerste deel van Paulus se lewe rondom 5 vC – 47 nC, waarin hy sy roeping moes onderskei en waarin sy teologie 'n reformasie ondergaan het. Ons gaan gelyke tyd ook aandag gee aan 'n paar ander belangrike karakters wat in hierdie selfde periode soortgelyke ervarings gehad het wat die vroeë kerk in 'n definitiewe rigting gestuur het.

Vandag se sessie wil ons dus spesifiek laat nadink oor:

- Hoe die Here ons voortdurend verander deur ons theologiese begrip te reformeer. Wat beteken dit dat ek 'n teologie het? Hoe gemaak as gelowiges se teologie van mekaar verskil?
- Hoe ons in die midde van gebeure en krisisse in die kerk en wêreld besig is om God vir ons hede te onderskei.



If you don't listen to theology,  
that won't mean you have no  
ideas about God, it will mean  
you have a lot of wrong ones.

C.S. Lewis

## REFORMASIE IN PAULUS SE LEWE

Ons weet baie min oor Saulus se vroeë lewe. Hy is iewers tussen 5 vC- 5 nC in Tarsus gebore en was van Joodse afkoms. Volgens Filippense 3:5 en Handelinge 23:6 was Paulus 'n afstammeling van die stam van Benjamin. In Romeine 16:7

lees ons 'n interessante stukkie rakende naby familielede (Andronikus en Junias) wat voor sy bekering volgelinge van Jesus was. Die feit dat hy vroeg in sy lewe Jerusalem toe gestuur was om as Fariseër onderrig te word, is waarskynlik 'n aanduiding van sy intellektuele vermoëns (Handelinge 22:3). Die vroegste wat die Bybel van hom melding is by die steniging van steniging van Stefanus (c 33/34 nC) (Handelinge 7:58). Na afloop van Stefanus se martelaar dood het 'n groot aantal Griekssprekende gelowiges vir hulle lewe uit Jerusalem gevlug, waaronder sommige na Damaskus gevlug.

In sy godsdiensige ywer het hy geroep gevoel om 'n voortvlugtende groep Griekse navolgers van Jesus wat hulle in Fenisië, Siprus en Antiochië bevind het agterna te sit, hulle in hechtenis te neem en na Jerusalem terug te bring. Op pad na Damaskus het Saulus 'n ontmoeting met God gehad wat in die volgende teksgedeeltes beskryf word: Handelinge 9: 3-6, 22:5-16, 26:12-18 asook



### Handelinge 9:1-2

Intussen het Saulus soos 'n besetene voortgegaan om die volgelinge van die Here met die dood te dreig. Hy het na die hoëpriester toe gegaan en van hom bekendstellingsbriewe aan die sinagoges in Damaskus gevra. Sy doel was om die aanhangers van die leer van die Here wat hy daar kry, mans sowel as vrouens, gevangene te neem en na Jerusalem toe te bring.

Galasiërs. 1:15-16. Let op hoe Paulus se eie weergawe verskil van die storie wat Lukas jare later in Handelinge skryf. In Paulus se eie beskrywing heer daar 'n onsekerheid oor wat met hom gebeur het, terwyl Lukas in Handelinge eksplisiet noem dat hy geroep was om die Evangelie aan nie-Jode te bring.

### **Handelinge 9:4-6**

Nadat 'n lig uit die hemel op hom geskryf het,  
het Saulus op die grond neergeval en 'n stem  
hoor se: "Saul, Saul, waarom vervolg jy my".  
"Wie is U, Here?" vra hy toe. "Ek is Jesus",  
antwoord Hy. "Dit is vir My wat jy vervolg".

### **Saulus se groot ontnugtering**

'Ek wonder altyd of die woord 'bekering'  
regtig beskryf wat hier met hom gebeur  
het? Saulus was binne die Joodse tradisie  
gereken as 'n toegewyde gelowige wat  
reeds van kinderde af geken het. In

Galasiërs 1:14 beskryf Saulus homself as "n fanatiese yweraar vir die oorgelewerde  
leer van my voorvaders". Miskien beskryf die woord "ontnugter" beter wat met hom  
gebeur het. Die teks in Handelinge 9:4-6 is veelseggend. Wat 'n ontnugtering moes  
dit gewees het toe Saulus tot die insig kom dat hy besig was om die Here van sy  
kinderdae en die Joodse tempel te vervolg! Die volgende paar jaar was vir Paulus 'n  
tyd van onderskeiding. Hy het tot die insig gekom dat Jesus waarskynlik die beloofde  
Messias is, maar dit het tyd geneem om sy gevinstige idees en verwagtinge van  
God te hersien. In die volgende veertien jaar sou sy theologiese begrip verander soos  
wat hy praktiese met mense, uitdagings en geleenthede te doen gekry het. Volg die  
kaart op bladsy 10 vir 'n verloop van die gebeure.

### **OM OOR NA TE DINK**

- Hoe het jou idees en perspektiewe oor God van kinderde af verander?
- Watter gebeurtenisse of ervarings het jou gebring om jou eie idees en  
perspektiewe oor God te verander?
- Hoe het dit jou 'n beter begrip gegee dat die Here jou op lewe 'n  
spesifieke manier wil gebruik?

- Na sy ontmoeting met die Here vertrek Paulus van Damaskus na Arabië waar  
hy drie jaar lank bly (Galasiërs 1:16-17). Politieke spanning rakende koning  
Herodes dwing hom om weer na Damaskus te vlug.
- In Damaskus deel hy sy insigte met die Joodse gemeenskap en word as  
gevolg daarvan deur 'n verteenwoordiger van koning Aretas vervolg (2  
Korintiërs 11:32-33). Rondom 36/37 nC vlug hy van Damaskus na Jerusalem.

- In Jerusalem spandeer hy twee weke by Petrus. Lees Galasiërs 1:18-20 meer daaroor. Wat dink jy het Petrus en Paulus oor gesprok? 'n Mens neem aan dat Petrus hom meer onderrig het in die gebeure wat die dissipels met Jesus meegemaak het, maar neem ook in ag dat ook Petrus onlangs 'n soortgelyke bekering ondervind het. Ons gaan binnekort meer aandag hieraan gee (Handelinge 10-11).
- Paulus verlaat na twee weke Jerusalem en reis na Sirië en Sicilië (Galasiërs 1:21). In kort is hy terug Tarsus toe waar hy grootgeword het en verdwyn dan vir etlike jare van die toneel. Die eerste keer wat ons weer van hom lees is in Handelinge 11:25 toe Barnabas hom daar gaan haal het om saam met hom in Antiogië te bedien (rondom 53 nC). Lees Handelinge 11:21-26.

**Paulus se bekering, insig en roeping moet samelopend met 'n klomp ander gebeure van die tyd gelees word, waar ander karakters 'n soortgelyke reformasie beleef. Dit bring ons ook by die verhaal van Petrus, Stefanus en die vroeë kerk uit.**

- Paulus bevind homself weer 14 jaar na sy ervaring op die pad na Damaskus weer in Jerusalem (47/48) (Galasiërs 2:1-10). Neem in ag dat hy in hierdie tyd al sy eerste sendingreis agter die rug het en reeds duidelikheid gekry het dat sy roeping was om die Evangelie aan nie - Jode te verkondig.
- Handelinge 15 was 'n waterskeiding oomblik in die vroeë kerk. Voordat ons daarby uitkom is dit eers weer nodig om dieselfde periode in geskiedenis waartydens Paulus se bekering plaasgevind het vanuit 'n ander hoek te kyk om 'n paar verrassende bewegings raak te sien.

## **Voortdurend vernuwe vanuit 'n ander perspektief. Die storie van die vroeë kerk**

- Lees Petrus se toespraak op Pinksterdag in Handelinge 2:14-36.
  - Wat is die indruk wat waarmee Petrus ons in sy toespraak laat?
  - Wat sou die betekenis wees dat godsdienstige Jode wat vir die Pinksterfees na Jerusalem gereis het skielik in die moedertale van die omgewings waaruit hulle gekom het praat? Ons kry reeds hier 'n baie sterk indikasie dat die impak van Jesus se opstanding veel wyer as die Jode en die tempel strek.
- Die kerk het nie uit 'n model van 'n enkele gemeente (Moedergemeente in Jerusalem) gegroeи nie. Die storie van die kerk is die fassinerende verhaal van 'n dinamiese en organiese groei proses waarin daar 'n ryke diversiteit was. Handelinge vertel hoofsaaklik die verhaal van die Moedergemeente is Jerusalem (Jode wat in Jerusalem gebly en in Jesus geglo het). Wat het al die Joodse gelowiges geword wat vir die Pinksterfees na Jerusalem gereis het en daarna weer terug is na dele van Asië, Europa en Afrika? Ons lees wel van dat as Paulus tydens sy sendingreise op plekke kom hy reeds op gemeentes afkom wat hy nie gestig het nie.
- Die Joodse gelowiges wat in Jerusalem gebly het, is nie Christene genoem nie. Hulle is deur ander "mense van die weg" genoem en het saam met 'n klomp ander Joodse sektes (Fariseërs, Skrifgeleerde, Selote) in die tempel God aanbid (Handelinge 2:37-5:42). Wat Jesus se navolgers anders gemaak het, was hulle geloof dat Jesus die beloofde Joodse Messias was wat spoedig sou terugkeer om 'n nuwe bedeling te bring vir die Jode (Handelinge 2:36).
- Daar was egter mense in hierdie vroeë gemeenskap wat oortuig geraak het dat Jesus se dood en opstanding ook op nie Jode van toepassing is. Die oortuiging het radikale implikasies gehad vir die toekoms van die kerk en het 'n groeiende spanning gebring tussen die Griekssprekende en Hebreeus sprekend deel van die gemeente (twee verskillende wêreldbeelde wat met mekaar bots).
- Die Hebreeus sprekende gelowiges is deur die dissipel groep verteenwoordig, terwyl die Grieks sprekende groep aanklank gevind het by Stefanus se

perspektiewe. Lees Stefanus se toespraak in Handelinge 7 en vergelyk dit met die van Petrus in Handelinge 2:14-36.

- Stefanus se teologie was deur sommige in die gemeente en breër Joodse gemeenskap gesien as aanval op die Joodse tempel in Jerusalem. Hy is gevvolglik as gevolg hiervan deur Joodse gelowiges gestenig, waarna die Griekssprekende deel van die gemeente vervolg is.
- Terwyl die dissipels en hulle navolgers nog vanweë hulle meer behoudende godsdiensstige perspektiewe in die tempel toegelaat is, moes die Griekssprekende deel van die gemeente uit Jerusalem vlug (Lees Handelinge 8:1-2).
- Soos wat hierdie groep gevlug het, het hulle die Evangelie verkondig en ons lees dat mense in Samaria tot geloof kom (Handelinge 8:5). Petrus en Johannes is gevvolglik daarheen gestuur om ondersoek in te stel (Handelinge 8:14). Wanneer Saulus se bekering plaasgevind het en in hierdie gebeure inpas is onseker, maar dit was in alle waarskynlikheid in hierdie tyd.

**Dit is op hierdie tydstip waar Petrus, soortgelyk aan Paulus se bekering, ‘n radikale reformasie van sy geloof ondergaan. Ons lees in Handelinge 10-11 daarvan.**

Petrus was net so hardkoppig om te aanvaar dat God se genade veel wyer gestrek het as net Joodse gelowiges. Die teks in Handelinge 10:34 som dit mooi op.

- Waaroor dink jy het Paulus en Petrus dus met mekaar gepraat toe Paulus volgens Galasiërs 1:18 twee weke by hom in Jerusalem gebly het? Wat dink jy was besig om vir hulle duidelik te word?
- Alhoewel Petrus, Paulus en Barnabas dieselfde insig gedeel het in die vernuwende manier waarop die Here in hulle hede werk, het dit groot

#### **Handelinge 10:34**

**Waarlik ek begryp nou eers dat God nie onderskeid maak nie, maar uit enige volk die mense aanneem wat Hom vereer en doen wat reg is.**

spanning tussen hulle en hulle gemeentes gebring. Lees hieroor in Galasiërs 2:11-14.

**Wat is die insigte wat hierdie getuienissoen die verloop van gebeure in die vroeë kerk ons by uitbring?**